Tema: Dra die vrug van die Gees in volle oorvloed soos God dit vir jou gee!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb. 1 - 6: 1,2,3
Lied 200: 1,3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 14 - 6: 1
Votum
Seën; Loflied Ps. 92 - 1: 1,6,7
Geloofsbelydenis: 12 Artikels
Sing Sb 13 -2 (amen).

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Markus 12: 28 – 34
Sing Ps. 23 - 2: 1,3
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Sing: Ps. 19 - 1: 5
Skriflesing: Galasiërs 4: 21 - 5: 1 - Thinus
Galasiërs 5: 22 - 23
Filippense 3: 7 – 14 Maya
2 Petrus 3: 10 – 14 Nicolize
Teksverse: Galasiërs 5: 23

Sing Sb. 3 - 5: 1,3,4,8 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe
Sing Sb. 15 - 1: Beurtsang: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs) 4 (almal)
Seën – 1 Tes 5: 23 - 24
Amenlied: Sb. 13 - 3.

“Teen sulke dinge het die wet niks nie!

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het in die reeks preke gehoor watter wonderlike gawes en heilige lewe die Heilige Gees in ons werk! Ons het in diepte geleer van die negevoudige vrug van die Gees in my lewe:

Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid nederigheid en selfbeheersing! 9 Pragtig gawes wat die lewe van n gelowige versier en wat hom of haar al hoe meer na Christus laat lyk! ŉ Leefwyse wat elke gelowige onder leiding van die Heilige Gees moet soek, nee - najaar en voluit leef sodat Jesus in jou sigbaar kan word! Paulus skryf in 2 Kor. 3: 18: [18]Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is. “

ŉ Mens sou kon sê: hierdie negevoudige vrug van die Gees is soos 9 skitterende vlakke/ kante van ŉ diamant wat die lig wat daar ingaan skitterend uitstraal! Ja, liefde, vreugde, vrede, Geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid nederigheid en selfbeheersing - dit is die heerlikheid van Jesus wat ons moet uitstraal!

Vanmore ontvang ons egter n dringende aanmoediging van die Heilige Gees. Paulus wil ons aanmoedig dat ons hierdie vrug van die Gees nie sommer maar net so bietjie-bietjie te laat uitstraal nie – ons moet daarvan skitter! En hierdie aanmoedig verwoord Paulus met ŉ oënskynlike onbelangrike sinnetjie aan die einde van vers 23: “Teen sulke dinge het die wet niks nie”.

Wat openbaar die Here met hierdie woorde van Paulus?
Geliefdes die Here roep ons met hierdie woorde op om die vrug van die Gees in volle oorvloed te dra soos God dit vir ons gee! Ja die vrug van die Gees moet uit ons straal! Dit moet nie so bietjie-bietjie dra nie, ons moet dit voluit dra! In oorvloed!

Wys skyfies 1 – 3 –
Hoe dra ek en jy die vrug van die Gees se werk in ons lewe? Ons het die afgelope tyd elke aspek daarvan in diepte ondersoek! Was hierdie reeks oor die vrug van die Gees maar net vir jou mooi om te hoor en insiggewend? Watter besluit het jy geneem oor die vrug van die Gees in jou lewe? Het jy agtergekom watter aspek dalk heeltemal by jou ontbreek? Het jy besluit om ernstig werk te maak van een of ander aspek? Dalk getrouheid of nederigheid of selfbeheersing? Ja wat is jou reaksie op die Woordverkondiging? Hoe wil jy die werk van die Gees in jou lewe vertoon?

Of is dit soos die blomme hier op die illustrasie: dat die vrug van die Gees by jou dalk maar net soos ŉ blomknoppie is wat nog nie oopgegaan het nie! Watter besluit het jy geneem om hierin te groei?

Want geliefdes, ons Vader wil dat ons lewe as gelowiges in volle blom van die Gees staan! Ons moet daarna soek om dit wat God vir ons gee, in volle drag te dra! Onthou julle nog ons eerste preek in hierdie reeks uit Joh. 15. God die Boer wat in Christus vir Hom 'n wingerd geplant het en ons is die lote aan daardie wingerd? En God wil dat ons baie vrug dra! Ons moet in volle blom wees – sodat God verheerlik kan word!
Wys skyfie 4 – so wil God dat die Gees se werk in ons lewe blom!

Kom ons kyk hoe hierdie aanmoediging uit ons teks voortkom!
Paulus praat hier eintlik so bietjie tong in die kies met sy lesers! Vroeër in die brief het hy 'n hele argument met dwaalleraars gehad wat die gelowiges weer onder die dwang van die wet wou bring deur hulle te verplig om hulle te laat besny!

Die gelowiges van Joodse afkoms het nog vasgehou aan die Ou Testamentiese wette en het allerhande reëls en riglyne gehad wat hulle aan die gelowiges wou opdring! Die wet sê so en die wet sê sus! Dit mag jou doen maar dat mag jy nie doen nie! Alhoewel jy in Christus glo moet jy nog dit en dat. So bv. het hulle die besnydenis as voorwaarde vir redding voorgehou.

Paulus het hierdie argumente weerlê en pragtig aangetoon dat 'n lewe in Christus is 'n lewe waar ons vry is van die onderhouding van die wet om daardeur gered te word! Want Christus het vir ons die wet volkome nagekom! Hy het kom doen en vervul wat mense – en ek en jy – nie kon doen nie! Hy het volledig gedoen wat die wet voorskryf- Daarom kon Hy aan die kruis uitroep: Dit is volbring! Hy het volledig alles gedoen wat God die Vader wou hê, sodat ons nou kinders van God kan wees! Jesus sê in Joh. 10: 10 - 11: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. [11] "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."

Christus lê sy lewe af sodat ons die nuwe lewe in oorvloed kan hê! En om hierdie lewe van oorvloed in ons te werk skenk God ons Vader vir ons die Heilige Gees. Ons lees dit in Titus 3: 6: "[6] God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser." En dit is hierdie oorvloedige werk van die Heilige Gees wat hierdie vrug in ons lewe bewerk waaroor ons nou al vir weke leer!

Liewe gemeente, God het dit in oorvloed aan ons geskenk: nou moet ons dit in oorvloed leef! Daarom roep Paulus uit: Teen sulke dinge het die wet niks! Hy stel dit negatief – maar bedoel dit positief!

Anders gesê: Galasiërs, julle wat die wet wil gebruik om mense aan bande te lê, hoor hier:" daar is geen beperkinge op die vrug van die Gees nie! Inteendeel: die wet moedig hierdie nuwe lewe in Christus aan! As jy iets wil doen in jou geloofslewe, as jy dan iets wil najaag, leef dan onder leiding van die Heilige Gees en dra hierdie 9 kenmerke van 'n gelowige: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid nederigheid en selfbeheersing!
Die wet verbied dit nie! Inteendeel: die wet moedig jou aan! DOEN DIT TOT DIE BESTE VAN JOU VERMOË! Hierin moet jy uitblink! Hier moet jy groot gaan! DOEN DIT MET OORGAWE! Met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en met al jou kragte!

Brs en srs, oral in die wêreld, in elke land is daar wette wat slegte en verkeerde dinge verbied! Maar het jy ooit al gehoor van ŉ wet wat jou verbied om meer liefde te gee? Of ŉ wet wat jou verbied om meer geduldig of goedhartig te wees! Nee - hierteen het aardse wette niks nie – Ook nie God se wet nie!

Daarom, br en sr, God moedig ons aan: dra die vrug van die Gees in oorvloed soos Hy dit in oorvloed aan jou gee! Strewe daarna, soek daarna, om in volle blom te staan en hierdie vrug van die Gees voluit te dra!

Brs en srs , Paulus het dit in sy lewe self gedoen! Hy het alles ingespan om hierdie vrug van die Gees in sy lewe te dra! Ons lees van sy ywer en toewyding in Fil 3:10–14 waar hy sê" (wys skyfie 5)
10Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.
12Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. 13Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. 14Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. "

Geliefdes, die vraag is dus: is dit ook my en jou begeerte? Is dit vir ons werklik een van die belangrikste dinge in ons lewe waardeur ons God wil verheerlik? In hoe 'n mate dra ek en jy die vrug van die Gees in ons lewe? Maar net so dat dit genoeg is? Is dit in my lewe soos ŉ toe blomknoppie of staan dit in volle bloei vir almal om te sien en God te verheerlik? Of leef ek maar net so-so dat dit darem blyk dat ek 'n gelowige is? Net so dat ek uit die moeilikheid kan bly? Net so dat God en mense tevrede kan bly?

Is ek so oorweldig deur God se oorvloed aan my dat ek my vrug in oorvloed dra? Wil ek God my Vader net 'n bietjie eer of wil ek Hom baie eer?

Kom ons elkeen vra ons hierdie vraag ernstig af! Dit is immers vandag ook voorbereiding vir Nagmaal! Met Nagmaal volgende Sondag gaan ons weer herinner word aan die oorvloed wat God ons in Christus gee! Die oorvloed van die tekens van brood en wyn: oorvloed van genade elke dag! Oorvloed van vergifnis vir al my sonde en tekortkominge! Oorvloed van geloof, hoop en liefde! Oorvloed van sy Vaderlike liefde waarmee Hy ons versorg met alles wat ons daaglikse nodig het! Volle oorvloed!

Br en sr, hierdie vraag oor watter bloei of watter vrug God se oorvloed in jou lewe bewerk het die Here vir al die gelowiges in die Bybel gevra! Die Here het dit vir lidmate in Korintiërs gevra met die woorde: "wees altyd oorvloedig in die werk van die Here:! Vir die lidmate van Efese is gesê: "lewe as nuwe mense wat na die beeld van God geskep is; lewe volkome volgens die wil van God". Vir die lidmate van Tessalonika het Hy gesê: "Julle het geleer hoe God wil dat julle dat lewe......ons versoek julle dringend:

lê julle nog meer daarop toe! “. Vir die lesers van Jakobus stel die Here dit so: “Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?”. Vir die gelowiges aan wie Petrus skryf, sê die Here dit so: “As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken”.

Vir ons sê die Here vanmore: Nog meer, dringend meer, tot volkomenheid toe – oorvloedig!
Wys skyfies 6 en 7

Dra die vrug van die Gees in volle oorvloed soos God dit vir jou gee. Dit is wat God vanmore van jou vra.

Amen